

11 November 1 Timoteus 1:12-17; (Teks: 1:17)

Die regte begrip van God gee regte uitkyk op die lewe

Baie mense loop met 'n karikatuurbeeld van God en kan dan nie verstaan dat hul geloofslawe stomp en sonder innerlike krag is nie. Afgesien van wat ons oor God uit die Skrif bely, het elke mens tog ook 'n sekere idee van God soos wat jy sy Hand in jou lewe ervaar. Jou idee wat jy van God kry is baie keer totaal anders as wat die Skrif leer en jy besef nie dat dit jou hele geloofslawe besoedel nie.

Iemand kan voel dat hy van die môre tot die aand moet swoeg en sweet sonder om sukses of vooruitgang te sien. Dan lyk God vir hom na 'n harde, ongevoelige Vader, want Hy doen niks om sy saak te verbeter nie. Die gevolge van so 'n karikatuurbeeld van God is vernietigend vir jou geloofslawe.

- Jou daaglikse werk is dan nie meer 'n vreugde nie maar 'n plig.
- Jou aanbidding is dan halfhartig want sy Woord en Gees sê vir jou niks.
- Jy het nie meer vrymoedigheid om in die gebed na so 'n God te gaan nie.
- Jy het niks om oor so 'n God te vertel nie en jou getuienis raak stil.

Maar hier kom Paulus en hy vertel hoe hy God werklik leer ken het. Hy is 'n ware, Liefdevolle Vader. Paulus verdien nie eers om deur God raakgesien te word nie, want hy het sy kerk vervolg en belaster. Nogtans het God hom betroubaar geag om in sy diens te staan. God het van Paulus 'n voorbeeld gemaak en gewys met hoeveel liefde Hy sondaarmense hanteer. Wie God so sien besef: Wat ons in die lewe bereik het, hoe ons na al die jare oorleef het - dit alles is genade. Dan kan u mos u lewe met vertrouwe in so 'n God se Hande lê. In Christus gereinig van sondes is ons mos nie meer slawe nie maar sy kinders. Dit gee 'n gesonde uitkyk op elke dag se lewe.

Dr. J.L. Venter (Pretoria-Annlin)